KERKBODE 9 NOV 1990

# Die groot beraad van kerklui is 'ietwat van 'n wonderwerk'

PRETORIA. – Een van die belangrikste gebeurtenisse op kerklike gebied in baie jare vind vandeesweek by Hunter's Rest naby Rustenburg plaas wanneer verteenwoordigers van verreweg die meeste kerke in Suid-Afrika byeenkom vir 'n "kerkeberaad" van vyf dae. Dit is al bestempel as "ietwat van 'n wonderwerk" dat die beraad hoegenaamd gaan plaasvind.

Die byeenkoms is die vrug van baie samesprekings die afgelope jaar wat begin het met pres FW de Klerk se uitnodiging in sy Kersboodskap aan die kerke in Suid-Afrika om met hom te kom praat oor die kerk se verhouding tot die staat. Pres De Klerk het hom later aan die voorlopige samesprekings vir 'n beraad onttrek omdat veral die lidkerke van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) geoordeel het dat die kerke sake eers onder mekaar moet uitmaak voordat owerheidsinstansies op die een of ander manier daarby betrokke raak. Daar is ook verwys na klowe wat 30 jaar gelede by die destydse Cottesloe-beraad tussen die Suid-Afrikaanse kerke ontstaan het, en wat eers oorbrug moet word voordat van "versoening" tussen die kerke en 'n eendragtige getuienis na buite sprake kan wees.

Vroeër vanjaar is 'n voorbereidende byeenkoms van verteenwoordigers van kerke in Pretoria gehou, waar die lidkerke van die SARK nie aanwesig was nie. By die byeenkoms hierdie week, onder voorsitterskap van dr Louw Alberts, meelewende lidmaat van die Ned Geref Kerk en voormalige Direkteur-Generaal van Mineraal- en Energiesake, en dr Frank Chikane, hoofsekretaris van die SARK, sal verteenwoordigers van ongeveer 95 % van die kerklike bevolking van Suid-Afrika aanwesig wees. Kerke wat nie die uitnodiging om verteenwoordigers of waarnemers te stuur, aanvaar het nie, is die Ned Herv Kerk en die Afrikaanse Protestantse Kerk.

Dr Louw Alberts het aan Die Kerkbode gesê dat dit "ietwat van 'n wonderwerk" is dat die beraad hoegenaamd gaan plaasvind. Volgens hom is dit 'n unieke gebeurtenis dat soveel kerke se verteenwoordigers in Suid-Afrika byeenkom.

Op die vraag wat met die beraad beoog word, het dr Alberts gesê dat eerstens gekyk gaan word hoe die toestand in Suid-Afrika lyk en wat die kerk in die breë kan doen om werklik 'n klimaat van versoening en onderlinge begrip te bewerkstellig. Verder gaan geprobeer word om konsensus te kry oor wat die verhouding van die kerk tot die staat moet wees. "En daaruit verwag ek sal daar ook sekere grondbeginsels voortvloei waarvan die kerk sal sê: hieraan behoort die staat aandag te gee, ongeag van hoe 'n nuwe grondwet vir die land ook al sal lyk." Dr Alberts sê dit sal geen staatkundige model wees wat die kerke gaan voorlê nie, maar hulle sal probeer aandui "wat die kerk as kerk van so 'n grondwet verwag".

Dr Alberts het gesê dat hy van min gebeurtenisse in Suid-Afrika weet waarvoor die afgelope tyd so baie gebid is as vir hierdie beraad.

Onder die hoofsprekers wat by die beraad gaan optree, is prof Johan Heyns, aartsbiskop Desmond Tutu, prof Willie Jonker en prof David Bosch. Die referate sal in klein groepe bespreek word, wat op hulle beurt aan die groot groep sal rapporteer. Die afgevaardigdes van die Ned Geref Kerk na die beraad, is prof Pieter Potgieter, dr Dirk Hattingh, dr Pierre Rossouw en dr Frits Gaum.